Afrikanererfenis

"Soek uit die verlede alles wat skoon en edel is en bou daarop vir die toekoms"
- Paul Kruger

Doelwit: Om die Verkenner in sy verlede te veranker deur middel van versamelings produkte/voorwerpe uit die Afrikaner/ Voortrekkerverlede.oor te dra en so uit te bou om ons kultuurerfenis te waardeer en te bewaar

Weergawe: 2007

Datum: Augustus 2007

Begronding

Voortrekkerkode:
3. 'n Voortrekker aanvaar gesag.
4. 'n Voortrekker hou die taal en kultuur van die Afrikanervolk in ere.
8. 'n Voortrekker neem leiding.

ABC: Hierdie kenteken handel oor Afrikanerskap en daar word van die Verkenner verwag om meer kennis op te doen oor sy kultuurerfenis en die uniekheid daarvan. Om Afrikanertrots sy eie te maak en te neem uit die verlede dit wat goed was.

Aanbiedingsmetodes

Tydsduur:	Minstens 5 dae aaneenlopend	Graadgroep:	8 - 12
Voorvereistes:	Geen		
Aanbieding:	• Twee versamelings moet gemaak, uitgestal en mondeling verduidelik word. • Die versamelings moet behoorlik genoteer wees met 'n kort beskrywing van die herkoms en gebruik van elke artikel. • Besoek 'n museum of kultuurhistoriese museum. • Indien die spesialisasie in span-/groepsverband afgehandel word, moet al die onderskeie keuses gedek word.		
Toekennings instansie:	Kommando		

Uitkomste

Om die kenteken te verwerf moet die Verkenner:

1. 'n Besoek bring aan 'n kultuurhistoriese museum of die kultuurhistoriese afdeling in 'n museum . (Dit kan in spanverband gedoen word.)

2. Die betekenis en herkoms van die term Africana kan bespreek – met ander woorde weet aan watter vereistes 'n produk moet voldoen om as Africana te kwalifiseer en waar die begrip Afri cana vandaan kom.

3. Twee van die volgende versamelings maak, uitstal en onderhoudend daaroor kan gesels:
   3.1 Ten minste tien gebruiksartikels uit die verlede van die Afrikaner wat in onbruik geraak het – indien die artikels nie self verkry kan word nie, sal goeie foto's, sketse of fotostate ook deug.
   3.2 Ten minste tien boeke of geskrifte van Africanawaarde uit die Afrikaner se verlede – daar moet 'n kort waardebepaling wees oor die belangrikheid van elke geskrif.
   3.3 Ten minste tien Voortrekkerdrag- stukke, kentekens, voorbeelde van literatuur of ander artikels van die Voortrekkerbeweging wat langer as tien jaar gelede gebruik is, en 'n interessante brokkie inligting daaroor noteer.